# GEBEDSBULLETIN

## Tema vir Februarie: Luister na die Bybel

Dank die Here hierdie week vir:

* Die Bybelgenootskap wat bybels vertaal, versprei en selfs gratis beskikbaar stel.
* Die Gideons wat die Bybel plaas in skole, hotelle, gastehuise, spreekkamers en hospitale.
* Kleingroepe en eredienste asook jeugbyeenkomste waar saam na die Bybel geluister word.
* God se sorg en voorsiening in die gemeente se behoeftes.

Bid hierdie week vir:

* Gehoorsaamheid aan die Here se roeping vir ons, om die Bybel konsekwent te lees en leef.
* Effektiewe bestuur en instandhouding van die gemeente se eiendom.
* Die Diazfees - dat die fees so sal verloop dat die dorp 'n positiewe boodskap uitdra.
* Die lydenstyd (begin op m10 Febr met Aswoensdag) - ons "pelgrimstog" en nadenke in dié tyd.
* Voorbereiding vir die Paasfees met blomme.
* Neels en Esmé Meyer by Torings van Hoop (Bloemfontein) se Thessa projek beleef tans 'n krisis tov die voortbestaan. Bid en vertrou die Here saam vir 'n deurbraak.
* Belangrike beplanning tov Julie se moontlike uitreik na Botswana moet hierdie week gedoen word. Bid vir wysheid.
* Plaaslike verkiesings later vanjaar.
* Ons land - ekonomie, landbou, onderwys, medies, rasse-verhoudinge.



# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 7 FEBRUARIE 2016**

*Toe neem Hy brood, spreek die dankgebed uit, breek dit en gee dit vir hulle met die woorde: "Dit is my liggaam wat vir julle gegee word. Gebruik dit tot my gedagtenis." (Lukas 22:19)*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir Instandhouding van Gemeente-geboue.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R - 6 gaan na die kinderoomblik na die Kinderkerk in die saal. Gr 7-8 se kategese is na die diens in die saal. Gr 9 na die diens in die saal. Gr 10 by soos onderling gereël. Graad 11 vergader 18:00 by ds Danie.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee sal u graag na die diens voor die kansel wil ontmoet.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENS:** ***Tweede Lydenssondag.*** Om 09:00 in die kerkgebou (ds Robert) en op Vleesbaai (ds K van Zyl). Kinderkerk (ds Danie ) in die saal na die sang in die kerkdiens.



**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Jeugwerk.

**KATEGESE:** Soos vandag.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos gewoonlik: nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting. Ds Danie se Maandaggroep vergader om 15:00 in Santos 2 se sitkamer en sy Dinsdaggroep vergader om 09:30 in die konsistorie. Ds André se Dinsdaggroep vergader om 09:30 in die kerksaal.

**Dinsdag:** Gebedsbyeenkoms om 17:15 in die konsistorie.

**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 (ds Danie).
ASWOENSDAG: Lydenstyd begin met Aswoensdag (10 Febr). 'n Byeenkoms word Woensdag om 15:30 in Santos Haven 1 gehou. Lidmate van buite is welkom.

**Donderdag:** Bestuurskerkraad vergader om 18:00 in die kerksaal.

**Vrydag:** Om 06:00 bid die manne saam in die "gat" onder die saal se verhoog. (Herinner mekaar - veral ook die groep wat destyds na die MMC saamgebid het.)

## BELANGRIKE INFO

**LIDMAATSKAP ONTVANG:** Franzina J Viljoen vanaf Mosselbaai—Van der Rietstr.

**DEURKOLLEKTE:** Sinodale offer vir Gemeentebediening was R2 447-60.

**OESMAAND KOSKAS:** FEBRUARIE is **Streek B** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of u kerkraadslid afgegee word. Navrae Joey telnr. 073 2988 142.

**SOPKOMBUIS:** By die Alma-kliniek. Alma Kliniek is oorkant die Shoprite sentrum, naby die casino kruising. Ons gemeente bedryf al vir byna 18 jaar op Donderdae die sopkombuis. Verlede week is 174 koppies sop en 11 brode se toebroodjies bedien. Die nood is groot. Daar is heelwat mense wat sop maak en by die kerk afgee. Ons benodig mense wat kan kom help bedien. As u deel wil word van 'n span (of as u inligting verlang), kontak ASB ds André.

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker filterkoffie en tee word weer na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier gesellig saam en leer ken mekaar — dit help almal om meer tuis te voel. Dit is 'n belangrike deel van gemeenskap van geloof! As jy volgende week koekies of beskuit wil bring, sal dit baie lekker wees! Ons soek ook mense wat beurte sal neem om die koffie te maak en te bedien op Sondae. Sê asseblief vir een van die dominees as jy wil help. Baie dankie.




**WERKSOEKERS EN WERKGEWERS:** Enige iemand wat werk soek, en die wat iemand soek om vir hulle te werk kan vir Ds Robert kontak. Ons kry dikwels versoeke van beide kante, werkgewers en werksoekers, en dan weet ons nie wie soek werk of het werk nie.

**BENODIG:** Enige grootte gasbottel vir 'n behoeftige gesin. Indien u enige oorskiet wol het, is u welkom om dit ook by die kerkkantoor af te gee.

**ACVV-KENANI:** Hou 'n tee-lepel-ete op Sondag, 14 Februarie om 12:00 by Kenani. Koste R80 per persoon.

**VOORSKOOLSE KLEUTERS:** En hul ouers is baie welkom om elke Sondag direk na die erediens in die konsistorie bymekaar te kom vir 'n kort saamkuier geleentheid. Kontak gerus Elizé Nel 083 554 8188 vir navrae.



**SKOOLSEUN:** Ons moet voor die 10de van elke maand Christo, die behoeftige seun wat ons probeer help by die rugby akademie, se gelde betaal. Ons het tans R1200-00 van die R5000 wat hy nodig het. Enige bedrag, selfs 'n R10, sal help om by ons totale bedrag uit te kom. Kontak ds Robert of die kerkkantoor as u kans sien om te help. As daar mense is wat bereid is om 'n maandelikse bedraggie te gee vir die nege maande wat oor is, sal dit baie help.



**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

Neels Greyling Protea-aftreeoord, Stefaan vd Merwe Protea-aftreeoord, Denise Laufs Nettie Thatcherstr, Koos Alberts Da Gamastr.



**NEELS EN ESMé MEYER:** Sendelinge by Torings van Hoop in Bloemfontein—Bid asb vir Neels en Esmé. Hulle gaan deur 'n besondere moeilike tyd. Hulle werk met vrouens in prostitusie, en is goed op dreef met 'n projek om 'n paar vrouens van 'n inkomste te voorsien, wat hul gehelp het om uit prostitusie te kom. Die projek is tans weens faktore buite Neels en Esmé se beheer in gevaar om dood te loop. Dit sal beteken die vroue sal weer terugval in prostitusie om 'n inkomste te kry. Dit is 'n tyd van groot ontwrigting vir hulle. Bid dat die projek kan voortgaan, en dat Neels en Esmé wysheid sal kry oor die pad vorentoe.

**WEBWERF:** Ons gemeente het weer 'n aktiewe webwerf. Besoek gerus www.suidkerkmsb.co.za en gee dit ook vir vriende of kinders in die buiteland om op dié manier op hoogte te bly.

## RIETVLEI BRAAI

26 Febr. Braaivleis en slaai R60, poeding R10. Bring eie houers vir wegneem. Rou vleis te koop.






| | | | |
|---|---|---|---|
| *Kerkkantoorbesonderhede: Ure:* | | *Maandag* | *11:00—12:30* |
| | | *Dinsdag—Vrydag* | *07:30—12:30* |
| *Tel/Faks:* | *044-690 3552* | | |
| *Epos:* | *ngkerkmsb-suid@absamail.co.za* | | |
| *Webwerf:* | *www.suidkerkmsb.co.za* | | |
| *Bankbesonderhede:* | *Dankoffers:* | *Absa Mosselbaai, 207 058 0031* | |
| | *Geloofsoffers:* | *Absa Mosselbaai, 207 016 7886* | |